Tel: 053 0505 986
Sel: 072 140 8634
E-pos: admin@jakkies.com
sport@jakkies.com
skoolhoof@jakkies.com

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

Piet Retiefstraat
Posbus 107
Jacobsdal
8710

NUUSBRIEF: 29 (8 - 15 SEPTEMBER 2023)

TWEEKAMP
Baie geluk aan die volgende leerders wat plekke behaal het by Dinsdag, 5 September se Tweekamp liga.
Tiaan Scheppel – 3de plek
JP Burger – 5de plek
Ignus Jacobs – 6de plek

XHARIEP KRIEKET
Baie sterkte aan die seuns wat die naweek Xhariep krieketwedstryde speel. Die 0/11's speel Saterdag op Jakkies se veld om 09:00 en die 0/13's speel in Springfontein.

JAKKIES 0/12 TENNISTOERNOOI
Baie sterkte aan die seuns en dogters wat Vrydag en Saterdag aan ons skool se tennistoernooi deelneem. Die dogters sal by Jakkies se bane speel en die seuns by Landboudal se bane.
Weereens ook baie dankie aan ons borge:
Itec Kimberley
Cell C
Jacobsdal Apteek

RUGBY –EN NETBALPROEWE (TOERGROEP)
Ons herinner net die seuns en dogters aan Donderdag, 14 September se proewe vir die voorlopige rugby –en netbalspanne vir die toergroepe van 2024. Proewe sal om 15:00 begin. Leerders moet dan reeds opgewarm wees. Baie sterkte aan julle.

JAKKIES OPWAARTS SENTRUM
Baie DANKIE aan elke Jakkie, ouer en onderwyser wat ons ondersteun het met LOSLIT DAG!

KOEKIEVERKOPING
Baie dankie aan die Gr.2 -mammas wat heerlike eetgoed gestuur het met hulle koekieverkoping. Die klas het ‘n pragtige bedrag van R3460-00 ingesamel.

STRATEGIESE BEPLANNING
Ons jaarlikse Strategiese Beplanning vir personeel, BL, Koshuis en ander belanghebbendes, vind op Vrydag, 15 September plaas. Die skool verdaag op daardie dag om 10 uur.
Neem asb. net kennis dat daar normaal met skool voortgegaan word tot om 10 uur.
Indien ‘n leerder nie by die skool is nie, is dit sy/haar verantwoordelikheid om op Maandag, 18 September op datum te wees met alle werk.

WOW SPELFEES
Baie geluk aan Zarah Faber wat ‘n 2’de plek behaal het in die Provinsiale kompetisie. Sy gaan aan die Nasionale kompetisie deelneem in Stellenbosch op 7 Oktober 2023.

BYBELVASVRAE
Baie geluk aan Juffrou Naomi se span, Ella du Toit, Phil Snyman, Aidan Brooks en Simon de Witt wat 1’ste in die Vrystaat geëindig het. Ons is baie trots op julle.

…….....
T.E. MOSTERT
Waarnemende Skoolhoof

GEBEDSLYS:

Eduhan Botha (oupagrootjie oorlede)